



Noord-Kaap

Voorsitter: Ada Rheeder
084 840 2511
noord-kaap@landsdiens.co.za

Ondervoorsitter: Martha Meintjes
082 468 4495



VOORWOORD

- **Ada Rheeder (Noord-Kaap Voorsitter)**

Aan die begin van die nuwe termyn is dit vir my aangenaam om die nuwe bestuur vir die volgende 3jaar-termyn aan te kondig (bl.2).

Hartlike gelukwense aan ieder en elk en sterkte met die portefeulje wat aan u toevertrou is. As 'n span glo en vertrou ek dat ons groot hoogtes gaan bereik. Ons opregte dank aan Elise Kleynhans (van Noord-Wes) wat die vergaderingprosedures hanteer het.

Ons is baie opgewonde oor die 3 nuwe Landsdiensklubs in die Noord-Kaap! Baie sterkte aan Joseph Selekisho van Hartsvallies Landsdiensklub, Stiaan Oberholzer van BRLS Rockies Landsdiensklub en aan Michelle du Toit van Laerskool Calvinia.

My wense is dat elke Landsdiener die 4 liefdes van Landsdiens ten volle sal uitleef in elke klubaktiwiteit en streeksbyeenkomste. Onthou: Ons tema vir 2018 - Water is Lewe!

Noord-Kaap Landsdiensbestuurspan


Ada Rheeder - (Voorsitter)




Martha Meintjies - (Ondervoorsitter)



Deon Marais - (Tesourier)



Olga Burger - (Sekretaresse)



Erma van der Ryst - (Toekennings)



Tanya Sinden - (Sosiale Media)



Mariëtte Beeslaar - Jeug)



Nandi Streicher - (Sang)



Nadia Jankowitz - (Omgewing)



Landsdiensdag!

- Tanya Sinden

Op 14 Oktober 2017 het die DS. Jacobs Landsdiensklub van Hoërskool Adamantia Landsdiensdag behoorlik gevier. Al die skole van die Noord-Kaap was genooi en elkeen kon sy eie stalletjie beman om winste vir hul klubs in te win. Daar was pannekoekstalletjies, heerlike sosaties, ysies, worsbroodjies en vele meer. Dit was 'n uitstekende geleentheid vir die lede en onderwysers om mekaar beter te leer ken en bietjie sosiaal te verkeer.

Die dag is geopen op die gepaste wyse en daarna het die Landsdiensklubs met Landsdiensvlae en baniere om die rugbyveld gestap. Die glybane en watersport het beslis die warm dag bietjie afgekoel. Die hoogtepunt van die dag was defnitief die boomplant en die "Colour Fest"! Elke klub het 'n jong boompie gekry om langs die rugbyveld te plant. Ons het die dag afgesluit met die "Colour Fest". Dit was hope kleurvolle pret en elke leerder, onderwyser en besoeker het dit vreeslik geniet. Ons is baie opgewonde vir 2018 se Landsdiensdag en ons glo dat dit nog beter en groter sal wees.



Liefde vir ons medemens



Christina Kiddy is 'n Kinderhuis in Kimberley. Al die Noord-Kaap Landsdiensklubs het hande gevat en 'n poging aangewend om 'n verskil in elke pragtige Jesus-kind se lewe te maak. Ons het kos, klere en speelgoedjies ingesamel en dit in November aan Christina Kiddy oorhandig. Die kinderhuismoeder was vreeslik dankbaar en ons kon sien dat hulle hierdie bydrae van ons werklik nodig gehad het.

Daniëlskuil het die goedere wat hul ingesamel het aan Caritas oorhandig. Ons kon sien dat daar ook groot nood in Barkley-Wes en die omliggende area is. Dit is wonderlik om 'n verskil te maak. Hoe groot of klein die verskil is, maak nie saak nie.



Van links: Ada Rheeder (Noord-Kaap Landsdiensvoorsitter), Tanya Sinden (Noord-Kaap Bestuurslid), Olga Stassen (Noord-Kaap Bestuurslid) en Frieda Meiring (Bestuurder van Christina Kiddy).

Love for our fellow human beings



Every year we do our very best to support CANSA. We try to raise as much money as possible to support cancer patients and we also take part in the annual CANSA Relay for Life. CANSA Relay for Life is a global event that unites communities all over the world in the fight against cancer.

Relay for Life is very special event, during which cancer survivors and their caregivers, are celebrated during a special VIP function and celebratory laps, loved ones lost to cancer are remembered during the candle-lighting Luminaria Ceremony, and all participants commit to fight back against cancer.

RELAY begins when the sun is setting, it symbolises the time that a person has been diagnosed as having cancer. *The day is getting darker.* This represents the cancer patient's state of mind - they feel that their life is coming to an end. *As the evening goes on it gets colder and darker, this symbolises the emotions of the cancer patient.* Round about 1:00 am to 2:00 am it represents the time treatment starts – exhaustion, feeling sick, not wanting to go on, possibly wanting to give up. As participants, we will have been walking and feel much the same way. We will be tired, want to sleep, maybe even want to go home, but we cannot stop or give up. *The sun rising symbolizes the end of treatment for the cancer patient. They see the light at the end of the tunnel and know that life will go on.* The morning light symbolizes a new day full of life and excitement, a new beginning for the cancer patient. As participants, we will feel the brightness of the morning and know that the end of the RELAY is close at hand.

All the Landservice clubs from Northern Cape will commit to having at least one team member walking around the track at all times for 12 hours, because cancer neither slumbers nor sleeps. We encouraged all the Landservice teams from the Northern Cape to raise funds in support of the fight against cancer. Therefore we got all dressed up with our CANSA cans and on Saturday, 17 February 2018, we raised a lot of money for CANSA. We sang songs and we helped people to carry their shopping bags to their cars. It was amazing to see how many people have open hearts towards CANSA. We can't wait for the Relay on 10-11 March 2018.



Liefde vir ons Skepper

Een van ons Landsdiens lede, Charlene Sinden, het met die hulp van Hoërskool Adamantia en die gemeenskap 160 bybels ingesamel. Sy het dit aan Ds. Danilo Stoltz van die Afrikaanse Protestantse Kerk oorhandig. Hy sal dit verder versprei en tydens uitreikings uitdeel. Dit is 'n pragtige projek wat baie mense se lewens kan verander.

Die DS. Jacobs Landsdiensklub het ook hierdie jaar met Praise & Worship by die skool begin. Almal is meer as welkom om vriende van ander skole saam te bring en die opkoms is ongelooflik. Leerders kry elke Woensdagaand die geleentheid om bietjie tyd af te staan aan ons Hemelse Vader en om Hom te eerbiedig en Sy Naam groot te maak.






Liefde vir Arbeid & Liefde vir die Natuur



**REDUCE
REUSE
RECYCLE**



Waterprojek

Die droogte is besig om ons hele land te verswelg, maar dit is veral die Kaap wat daar onder ly. Ons het besluit om hande te vat en 'n bydrae te lewer. Elkeen van ons het besef hoe afhanklik ons van water is en dat ons in die Noord-Kaap steeds vreeslik bevoorreg is. Nie net is dit dan ook die rede vir ons koerant se "WATERTEMA" nie, maar ons fokus ook hierdie jaar hoofsaaklik op waterbesparing. 'n Trok het al die water wat ons in die Noord-Kaap ingesamel het, Kaapstad toe geneem. Daar is dit verder versprei.



Voor vanaf links: Jessica James en Joshua Wilson

Agter vanaf links: Carissa Swanepoel, Marisan Steyn, Chante Jacobs, Anet Steyn, Ada Rheeder (Noord-Kaap Landsdiens-voorsitter), Calista Venter en Claudine March

Ons het die water duidelik gemerk volgens drinkwater of kraanwater, alhoewel beide benodig word. Dit was wonderlik om te kon sien hoe baie leerders in die skole betrokke geraak het en 'n bydrae gelewer het. Party leerders het mekaar selfs uitgedaag om te kyk wie die meeste kan insamel.

Ons besef egter dat hierdie nie 'n projek is wat vinnig afgehandel sal kan word nie. Die nood is steeds daar en elkeen van ons kan verseker 'n verskil maak en ons deel doen. Die Noord-Kaap se Landsdiensklubs is voortdurend besig om uit te kyk vir hierdie soort projekte en sal nie 'n oomblik huiwer om hand by te sit en uit te reik nie.



Nuwe Landsdiensklubs in die Noord-Kaap

Joseph Selekisho het by Laerskool Hartsvaal 'n Landsdiensklub begin. Joseph is baie positief oor die Landsdiensklub en wil baie graag sy eie ervarings van Landsdiens en die 4 Liefdes van Landsdiens met die kinders deel. Hierdie nuwe klub, Hartsvallies Landsdiensklub, bestaan alreeds uit 'n stewige 110 leerders. Ons wens Joseph alle sterkte toe en ons bied ons volle ondersteuning en hulp aan.



Stiaan Oberholzer woeker ook met sy nuwe Landsdiensklub in Black Rock. Die Landsdiensklub staan bekend as die Rockies Landsdiensklub en bestaan uit 4 volwassenes en 40 leerders. Hy beoog om elke week 'n ander een van die vier liefdes van Landsdiens uit te beeld, maar hul hooffokus gaan beslis op Liefde vir die Skepper wees. Stiaan wil in elke aktiwiteit vir die leerders wys hoe belangrike rol die Here in alles speel. Ons het volle vertroue in Stiaan en glo dat hy hierdie klub van krag tot krag sal neem. Maak ook op ons ondersteuning en hulp staat. Saam is ons beter!

Laerskool Calvinia het ook 'n nuwe Landsdiensklub gestig onder leiding van Michelle du Toit. Hulle het sover 25 leerders wat belangstel en opgewonde is om aan te sluit. Sterkte. Ons sien uit om saam met julle 'n kamp te hou!

Safari-ete

Die jaarlikse Safari-ete het plaasgevind op Donderdag, 22 Februarie 2018. Die tema was "Around the world in 80 days". Elke skool kon 'n land kies en moes dit dan tydens die ete uitbeeld. Die kos moes ook verteenwoordigend wees van die land.

HS Adamantia/DS Jacobs Landsdiensklub (New Zealand) - Kelkie

**LS Eureka/E-Land Landsdiensklub & LS Staats Landsdiensklub
(Frankryk) - Voorgereg**

HS Diamantveld/DHS Delwersklub &

Boys High/Phoenix Landservice Club (Italië) - Hoofgereg

Hoër Tegniese Skool Landsdiensklub (Suid-Afrika) - Nagereg

Hoërskool Noord-Kaap/Protea Landsdiensklub (Engeland) - Koffie



WAATLEMOENFEES & BOERESPORT

